# STRAF EN STRAFHERVORMING.

## I.

Ek waag my as sosiaal-wetenskaplike aan hierdie tema alleen met die oorweging dat dit nie uitsluitlik 'n juridiese inhoud het nie—al word dié ook meesal voorop gestel—maar omdat die misdadiger en veral ook die gestrafde oortreder vir die maatskaplike sorg 'n belangrike vraagstuk lewer, en in hierdie lig wil ek poog om enkele gedagtes oor die saak uit te spreek. Uiteraard kan dit nie geïsoleerd van die juridiese, sedelike en religieuse aspekte geskied nie.

Die begrippe misdaad en straf word histories feitlik altyd saam gebruik, al wil sommige ondersoekers beweer dat in die primitiewe gemeenskappe geen straf uitgedeel word nie. Die opvatting berus alleen daarop dat die straf**vorme** wat ons ken, in die gemeenskappe onbekend is. Dit is eintlik eers in die jongste tyd, veral met die opkoms van die humanisme en na die publikasie van Beccaria se „Misdaad en Straf" (1764), waardeur sterk aanleiding gegee is vir die hervorming van die bestaande strafwette, dat daar gepoog word om die twee begrippe te skei en van mekaar te isoleer. Met die nuwere kennis wat verkry is oor die oorsake van misdadigheid, veral ook deur die baanbrekerswerk van Lombroso—al was sy teorie eensydig-oordrewe—en die kriminoloë na hom, tesame met die opkoms van die Sielkunde en die Sosiologie as wetenskappe, is die misdadiger en sy gedrag ook in 'n ander lig besien en anders beoordeel. Die resultaat hiervan was dat baie misdaad nie meer as 'n strafwaardige en verkeerde daad beskou nie maar as 'n siekte, terwyl die misdadiger nie gewaardeer word as 'n oortreder teen die reg wat onverbiddelik tot verantwoording geroep moet word nie, maar as 'n pasiënt wat liefdadige sorg en verpleging nodig het en wat selfs na die „samelewing" kan wys as oorsaak van die siekte. Gevolglik is straf ook nie meer geken as 'n noodwendige gevolg op die oortreding nie, nie as vergelding nie maar as 'n middel tot hervorming van die slagoffer en genesing van die pasiënt.

Hierdie opvatting het weliswaar veel waardevols aan die lig gebring maar het ewe-eens baie sake verduister en allerlei verwarring ten opsigte van die voorkoming van misdaad, die behandeling van die oortreder en die versorging van die gestrafde gestig. Dit is gebiedend noodsaaklik, sowel vir die juris as vir die maatskaplike werker om tot 'n suiwere waardering van die sleutel-begrippe te kom sodat hy instaat kan wees om die verskeie neigings op die gebied te beoordeel. Daarvoor is dit noodsaaklik om die wese daarvan te begryp in sedelik-religieuse sowel as in

juridies-sosiale sin. Sodanige begripsbepaling sal terselfdertyd ook lei tot die bepaling van verdere sleutelterme, waarsonder 'n studie van straf onvolledig sou wees, naamlik geregtigheid en wet, straf en tug, gesag en mag en die plek daarvan in al die geledinge van die samelewing.

Grondliggend vir al hierdie begrippe is 'n kennis van die beginsel van geregtigheid. In die menslike samelewing is 'n regsbesef aanwesig, maar die oorsprong daarvan moet nie evolusionisties in die intermenslike verhoudinge gesoek word nie. Dit is van bo-aardse herkoms: die eis van onvoorwaardelike gehoorsaamheid aan die Wil van God omdat Hy reg is en in Hom geen onreg is nie (Ps. 92 vs. 16). Hierdie regsbesef, hoe vaag en verduisterd ook al, is die grond van die menslike wet. Die wet trag om die beginsels van geregtigheid in die menslike samelewing en ten opsigte van praktiese situasies konkreet te stel en te handhaaf.

Die eerste, wesentlike betekenis van die wet is dus die handhawing van geregtigheid. Sosiaal gesien het dit ook nog 'n ander belangrike orde- en kontrolefunksie. Dit bepaal die grense tussen mens en mens, dit formuleer die verpligtinge en regte en deur die handhawing daarvan bevorder en bewaar dit die orde in die samelewing. Weens die sondige, die selfsugtige en dus ook antisosiale in die menslike aard is dit 'n belangrike eienskap van die wet dat dit nie oortree kan word sonder om die oortreder strafwaardig te stel nie. Die wet is wesenlik ondenkbaar sonder 'n sanksie of strafbepaling. Sodanige wet is kragteloos. Daarom sê Geesink dan ook dat die skending van menslike wette alleen teengegaan kan word deur vrees vir straf. Hierdie stelling word vandag sterk betwis op grond van die bewering dat straf geen afskrikkende betekenis het nie en dat 'n beroep op vrees immoreel is. Hierop word in 'n latere paragraaf teruggekom, maar hier moet tog opgemerk word dat hierdie verband tussen misdaad of oortreding en straf juis die kern van die Christelike geloof is. Wie die Wet van God nie hou nie—ja, wie maar een tittel of jota daarvan verbreek—is die ewige dood skuldig (vgl. ook Rom. 6: 23), en die ryke genade van die Evangelie is dat Christus volkome moes betaal vir ons sondes, sodat die gelowige deur Christus die wet kon volbring.

Misdaad is dus wesentlik 'n negasie van die wet, dit is 'n oortreding van die gebod, 'n pligskending. Dit geld in religieuse, sedelike, sosiale en juridiese sin onderskeidelik as sonde, immoraliteit, antisosiale gedrag en oortreding of misdaad. Die mis**daad** kan 'n na buite geopenbaarde handeling wees (en as sodanig juridies en sosiaal beoordeeld) of 'n bloot inblywende wilsbegeerte (en as sodanig sedelik en religieus beoordeeld). Terwyl die samelewing in sy regsorganisasie en -instellinge moeilik of geensins oor die verborge wille en neiginge van sy regsonder-

dane kan oordeel nie, kan hy alleen optree teenoor die na buite geopenbaarde handeling. Ons opvatting van wat misdaad en wie 'n misdadiger is, is dus oorwegend juridies bepaald. Daarvolgens is 'n misdaad 'n oortreding van 'n wet, hetsy in die nalating van 'n gebod of die negering van 'n verbod en is 'n misdadiger **die persoon wat skuldig bevind is** aan sodanige wetsoortreding. Hierdie omgrensing is nie wesentlik in stryd met die sosiale, sedelike en religieuse opvattings nie maar uiteraard veel beperkter. Die sielkundige, die sosioloog, die maatskaplike werker, die ouderling en predikant sien hierin dan ook meer as 'n bloot juridies-tegniese daad, want vir hulle is die oortreding, die misdaad, deel van 'n mensegedrag, 'n simptoom van 'n verkeerde lewensinstelling. Om by die sosiale aspekte stil te staan moet sodanige misdaad gewaardeer word as 'n handeling wat indruis teen die samelewingsgesag en -kontrole en wat 'n potensiële of aktuele gevaar inhou vir die samelewingsverbande en die samestellende lede. As verbodsoortreding kom dit neer op die toe-eiening van meer regte as wat die wetlike reëlings en die welvaart van die groep toelaat; en as gebodsversuim impliseer dit dat minder pligte en verpligtinge nagekom word as wat die wet vereis en as wat noodsaaklik is vir die groepswelsyn. In albei gevalle kom dit neer op selfsug en antisosiale gedrag.

Die wet, het ons gesien, berus op die geregtigheidsbeginsel en steun vir sy funksionering op 'n strafbepaling. Terselfdertyd veronderstel die ingrype in die bedreiging van die samelewingsorde 'n herstel van die orde en veiligheid. Hier lê dus die wortels van straf.

Straf is vergelding, dit wil sê vergoeding vir skuld wat veroorsaak is deur nie te doen waartoe jy verplig was nie; dit gaan om voldoening van die geskonde reg. Terselfdertyd hou dit in die element van lyding. Sodanige lyding is 'n kwaad. Straf is dus altyd 'n natuurlike kwaad.

Op die vraag na wat die wesentlike aard van straf is, word verskillende antwoorde gegee en vind ons 'n geleidelike klemverskuiwing van een strafelement na 'n ander. Vergelding, voorkoming, afskrikking, hervorming word almal genoem as elemente en doelstellings van straf. In die lig van die voorgaande uiteensetting is die wesentlike en primêre doel van straf volgens Christelike opvatting: vergelding, dit wil sê betaling of vergoeding van die skuld wat die sedelik slegte aksie in hom dra. Die ander elemente, soos verbetering of hervorming, afskrikking en voorkoming, kan alleen beskou word as sekondêre en bykomende gevolge en aspekte van straf. Die vergelding is terselfdertyd ook nog op 'n ander wyse gebonde aan die geregtigheidsbeginsel, naamlik in die sin dat elkeen straf ontvang in die mate wat hy werd is. Tussen straf en

skuld moet daar dus 'n ewewig bestaan. Ook in die opsig is daar in die straf altyd 'n sedelike element opgesluit.

Nog een sedelik-sosiale aspek moet in die verband bespreek word. Die samelewing, beginnende met die man-vrou-verhouding, berus op die beginsel van meerdere en mindere, van leiding gee en gelei word, van heers en dien, gebied en gehoorsaam, outoriteit en piëteit, gesag en eerbiediging, wat terselfdertyd die wesensvoorwaarde vir die wet is. Maar naas die gesagsbeginsel tref ons ook die verskynsel dat lede van die samelewing mekaar help en vir mekaar verantwoordelik is. In hierdie aanwesigheid en betoning van die naasteliefde lê terselfdertyd die wese van alle sedelike handelinge. Die samelewing kan alleen gesond wees as daar sodanige harmonie onder al sy lede heers. Ook hierdie solidariteit is 'n ordinansie van God.

Sonder reg (en 'n aanwesige regsbesef) en die daarmee saamhangende gesag en ontsag vir die gesag is die samelewing van mense nie denkbaar nie. Dit is trouens die essensie van die vyfde gebod. Die hele menslike samelewing berus op gesag en gesagseerbiediging. Die sedelike gesag vorm die grondslag en kristalliseer in die juridiese gesag. Sonder hierde eienskap sou die samelewing verloop in die toestand soos deur Hobbes geskilder voor die totstandkoming van die sosiale verdrag.

Hierdie menslike gesag, wat veral setel in die owerheidsinstelling, is nie absoluut nie, maar die bron daarvan is die gesag van God. By die beoefening van die menslike gesag tree hy slegs op in diens van God. Derhalwe is menslike gesag steeds dienend teenoor God en heersend teenoor mense.

Geesink wys daarop dat gesag altyd gehoorsaamheid veronderstel— 'n onderskikking van die eie wil aan dié van ander. Waar van vrywillige gehoorsaamheid nie sprake is nie, word die gesag ook veelal mag. As daar in die kind byvoorbeeld geen sondige, verkeerde, sosiaal gesien geen onvolledige insig of problematiese natuur was nie, sou die ouerlike gesag alleen 'n leidende karakter gedra het. Nou moet die ouer, in gehoorsaamheid aan God, sy gesag 'n dwingende karakter laat dra. Dit geld ook van die owerheidsgesag en die wet. Weens die sonde kan die gesag nie net bid nie maar moet dit ook gebied. Onwil wat deur liefde nie gerig kan word nie en nie vrywillig vir gesag wil buig nie, moet dan deur tug gebreek word, sê Geesink.

Dit bring ons by 'n nuwe begrip. Daar is 'n verskil tussen straf en tug. By straf gaan dit om die handhawing van reg teenoor onreg, dit bedoel vergelding, vergoeding, voldoening aan die deur onreg geskonde reg. By tug gaan dit om verbetering en om gehoorsaamheid te leer.

Uit die man-vrou-verhouding ontwikkel die gesin en daaruit die menslike samelewing waarin die onderskeie lede moet saamwerk tot instandhouding van die geheel. Dit is duidelik dat tussen die saamlewende mense sekere grense nodig is. Eie willekeur kan nie die rigsnoer vir hulle wil en handel wees nie, veral nie in die sondetoestand van verduistering van verstand en boosheid van begeertes nie. In 'n samelewing van algeheel bekwames en heiliges sou die sedenorm genoegsaam gewees het. Nou is daar 'n verdere krag nodig wat die norm tot wet en die gesag tot mag maak. Hierdie kragsinstelling is die staatsowerheid. En hoewel die staatsgesag uitgegroei het uit die vaderlike gesag, bly dit nie net by die vaderlike tugreg nie maar erken ons dat die owerheid, as die draer van die juridiese gesag naas die handhawing van die algemene sosiale welsyn, bowe-al moet toesien dat die majesteit van die reg deur vergeldende straf gehandhaaf word.

II.

Wat is nou die sin hiervan vir die maatskaplike werker? Vir hom ontstaan eerstens die vraag of daar alleen en uitsluitlik aan die vergeldingselement van straf gehou moet word. Indien wel dan is daar op die gebied van misdadigersorg vir die maatskaplike werker geen arbeidsveld nie, alleen maar vir die polisie, die regsgeleerde en strafowerhede. Maar die probleem moet in werklikheid anders gestel word. Die vraagstuk is nie om die beginsel van die vergeldende straf te handhaaf ter uitsluiting van alle ander strafgevolge nie maar die handhawing daarvan bo en naas die bykomende strafelemente. Die regsbesef wat in die samelewing aanwesig is, uit hom trouens ook in die onmiddellike reaksie op enige misdaad en wel in die eis om vergelding. Vergelding bring tevredenheid, al kry die besondere slagoffer van die misdaad geen tasbare vergoeding nie, en al moet ons hierby ook 'n sondeverduistering erken. Tog geskied straf nie eerstens om nuttigheidsredes nie.

Maar naas die wesensgrond van die straf is die samelewing ook gebonde aan erkenning en handhawing van die ander doeleindes daarvan, t.w. afskrikking en voorkoming en hervorming. Naas die geregtigheidsprinsipe, waarsonder die samelewing nie te dink is nie, bestaan tog ook nog die tweede hoofprinsipe, naamlik liefde of barmhartigheid. Die regsbeginsel eis nie alleen vergelding, straf op skuld nie maar lê saam met die barmhartigheid ook ten grondslag aan enige program van misdaadvoorkoming. Volgens die nuwere kennis oor misdaad as gedragspatroon en oor misdadigers is daar eksterne sowel as interne faktore oorsaaklik verbonde aan die verskynsel. Waar die misdaadbegunsti-

gende omstandighede voorkombaar is en die betrokke persoon teen die invloede van die omgewing sowel as teen homself beskerm kan word, is die samelewing sedelik, op grond van reg en naasteliefde, seer sekerlik daartoe verplig.

Hier moet 'n aanmerking gemaak word oor die samelewing en samelewingsverantwoordelikheid en -skuld. Die begrip moet nie so opgevat word as 'n bopersoonlike verantwoordelikheid en skuld nie. Per slot van sake is die groep, die gemeenskap, die samelewing saamgestel uit persoonlikhede en word die begrip alleen onderskeidend gebruik, dit wil sê om die betrokke individu(e) af te grens van die res. Daardie samelewingskuld en -verantwoordelikheid word per slot van sake tuisgebring op elke lid daarvan volgens sy besondere verdienste.

Ook moet die samelewingsaandeel in die veroorsaking van misdaad nie so gesien word soos sommige, bv. Hirsch, Prins e.a., dit graag wil doen, naamlik om al die skuld hier te pak en die misdadiger as onskuldige slagoffer voor te stel nie. Geen skuld van die gemeenskap kan die individu van sy verantwoordelikheid onthef nie: hy bly nog altyd 'n sedelike, 'n redelike, 'n verantwoordelike persoonlikheid—vergelyk die uitspraak van Christus oor die struikelblokke. Al wat die erkenning van die samelewingsverantwoordelikheid kan en mag doen, is om vonnisversagting, leniging van straf teweeg te bring maar nie om van individuele skuld te onthef nie.

As die misdaad nie voorkom kon word nie en tog gepleeg is, word straf geëis. By die toepassing van die ouerlike gesag kom die element van hervorming, en dan kry ons tug as resultaat. Is dit nie ook van toepassing op die samelewing nie? Dit skyn my asof die vergelding nie noodwendig geïsoleer hoef te word nie. Al bestaan die straf ook nie om nuttigheidsredes nie en moet die bestaan daarvan nie geregverdig word volgens die sogenaamde geslaagdheid daarvan nie (gemeet aan die aantal hervormings), is dit tog seker nie uitgesluit dat die bykomende gevolge van die straf ten beste benut moet word nie. Die owerheid moet weliswaar vergeldend optree, maar hy mag tog seker die weg ooplaat vir die barmhartigheidspraktyk van die samelewing soos beliggaam in hervormingspogings ten opsigte van oortreders.

Vandag word meesal geredeneer dat straf geen afskrikkende gevolge het nie, en dan word veral verwys na die ontsettende strawwe van die vorige eeu en veral ook na die toepassing van die doodstraf. Gewoonlik word uit die oog verloor dat die toestande waaronder die wrede strawwe toegepas is, geheel-en-al verskillend van die huidige omstandighede was en vergelykings gevolglik moeilik gemaak kan word, maar veral ook dat ons geen opgawes het van diegene wat deur die vooruitsig op straf

van misdade weerhou is nie. Anders gestel, het ons geen kennis van die getal mense wat misdade sou gepleeg het indien daar geen strafvooruitsig bestaan het nie. Die mens besit bepaald 'n hebbelikheid vir straf en wel in sy skuld- en vreesgevoel. Waarom moet die vreesgevoel angsvallig geïgnoreer word? Dit is per slot van sake deel van die menslike lewenstoerusting wat 'n bepaalde funksie binne die geheel het. Die afskrikkende invloed van straf mag enersyds oordryf word, maar daar is nog geen afdoende bewyse gelewer dat dit geen effek hoegenaamd het nie. By die skrik en die vrees vir straf moet nie net gedink word aan die vrees vir fisieke straf nie maar ook vir die sosiale afkeer. Trouens, die mens kan ook opgevoed word tot vrees op 'n hoër niveau, t.w. die sedelike en religieuse, terwyl die vrees van God die mens as 'n besondere religieuse deug toegereken word. In hierdie sin kan straf m.i. ook dien as 'n weerhoudende krag en as 'n waarborg vir die orde in die samelewing, al is dit 'n bykomstige resultaat.

Ewe-eens word daar sterk betoog teen die rehabiliterende waarde van straf, en as bewys word aangevoer die groot aantal residiviste. Weer moet onthou word dat rehabilitasie nie 'n primêre doel van straf is nie. Ook moet onderskei word tussen die bykomende rehabilitasiemoontlikhede van straf en die besondere strafvorme. Nogtans hoef straf nie sonder hervormende gevolge te wees nie. As dit die oortreder tot 'n ware skuldbesef bring, het dit veel bereik. Maar dit kan ook verder gaan en die moontlikhede skep om die gestrafde te vrywaar van medewerkende faktore wat hom in die verlede op die pad help bring het. Dit is 'n kwessie van strafvorm, nie van strafprinsipe nie. Dit moet dan ook waarskynlik as die belangrikste klag teen ons strafvorme aangeteken word dat dit nie tot skuldbesef bring nie. Hiersonder is alle hervormingspogings vrywel vrugteloos. En solank misdaad en straf prestige verleen en nie lei tot berou en boetedoening nie, solank ook aan die wêreld buite die tronke die oortreder voorgehou word as 'n slagoffer wat alleen simpatie nodig het en nie ook straf nie, solank sal misdaadstatistieke hoë residivistesyfers aantoon.

Ons kan nie anders as om tot die slotsom te kom nie dat wat die optrede teenoor die wetsoortreder betref, die idee van skuld en straf en vergelding nie uitgeskakel kan word nie. Onder watter omstandighede en ten gevolge van watter faktore ookal behels elke misdaad 'n skending van die reg, en dit bring 'n onafwendbare skuld. Die geskonde reg moet herstel en die skulde vergoed word, nie terwille van die samelewing nie maar terwille van die reg self. Die vraag vir ons strafbeleid en vir die misdadigersorg is nou inhoeverre ons strafmetodes die primêre vergeldingselement aan die ander bykomende elemente kan paar; inhoe-

verre voldoen dit aan die vergeldingseis en bied dit tegelykertyd die maksimum geleentheid vir openbaring van die barmhartigheidsbeginsel, naamlik deur te dien tot voorkoming van misdaad, afskrikking van eventuele oortreders en die rehabilitasie en hervorming van die skuldige.

Ten slotte nog twee opmerkings. Die barmhartigheidsbeginsel naas die geregtigheidsprinsipe vereis ook van die samelewing die erkenning dat die skuldige nadat hy sy straf uitgedien het, vergoed het vir sy skuld en dus weer ontvang en opgeneem moet word. Groot is die skuld van die samelewing aan residivisme deur sy agterdog en koudhartigheid waarmee die oortreder bejeën en weer tot misdadigersvriende en -gewoontes gedryf word. Hier is 'n belangrike werksterrein vir die maatskaplike werker.

Hierbo het ek reeds beweer dat sonder ware skuldbesef rehabilitasie 'n onbegonne taak is. Daarby moet ook nog gestel word dat sonder 'n omkering van die hart die skuldgevoel afwesig sal bly. Sonder godsdiens, sonder geloof, sonder wedergeboorte en bekering is die proses feitlik ondenkbaar. Daarom moet die vraag hier gestel word: doen die Christelike kerke, en met name ook die Afrikaanse kerke, genoegsaam in die opsig? Dit is wel duidelik dat die sorg moet begin nog voordat 'n lidmaat in misdaad verval, maar ewe waar is dit dat ons gevangenisse 'n groot evangelisasieterrein bied—veral vir individuele kontak, vir persoonlik bearbeiding, vir gebedsworsteling in die binnekamer.

Ons optrede teenoor die misdadiger verg die gesamentlike kragte van owerheid, samelewing en kerk.

Potchefstroom, J. H. COETZEE.
Julie 1952.